

# AFRIKAANSE FONETIEK

DEUR

**Prof. Dr. T. H. LE ROUX**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

EN

**Prof. Dr. R. DE VILLIERS PIENAAR**

UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND

*Sewende Druk*



**JUTA & KIE., BEPERK**  
UITGEWERS EN BOEKHANDELAARS  
KAAPSTAD, WYNBERG EN JOHANNESBURG

## VOORWOORD.

**K**ENNIS van fonetiek is 'n onontbeerlike vereiste vir elke taalonderwyser, selfs vir diegene aan wie die aanvangs-onderwys in die substanderde opgedra is. Dis alleen die foneties-onderlegde persoon wat in staat is om aan die leerling duidelik te maak hoe klanke gevorm word, dus wat die wesentlike verskil is tussen die een klank en die ander.

Die toepassing van die sogenaamde klankmetode gaat heel goed tot op sekere hoogte. Daarna bly jy steek, as jy nie foneties-onderleg is nie. En dit geld volstrek nie alleen van 'n taal soos Engels, waar die verskil tussen klank en skrifbeeld so ontsaglik groot is nie; dit geld ook van 'n spelling soos die van Afrikaans.

Die onderwys in vreemde tale kan alleen dan word wat dit moet wees, wanneer gebruik gemaak word van die hulpmiddels wat die fonetiese wetenskap ons aanbied.

Van die standpunt van die publiek sal daar wel altyd 'n kloof bly tussen die geskrewe woord en die klankgroep wat dit voorstel; daarom sal dit altoos nodig bly om daaraan te herinner dat 'n taal uit klanke bestaan, nie uit lettertekens nie. Die enigste weg waarlangs dit kan gedoen word, is langs die weg van fonetiek.

Let wel, ons praat hier van „foneties-onderleg” wees. Ons sê nie dat die onderwyser fonetiek as sulks op skool moet doseer nie, al is ons ook van oordeel dat die algemene beginsels van die vak heel goed in die hoëre klasse van die middelbare skool kan behandel word. Wat ons sê is dat die taalonderwyser foneties-onderleg moet wees. Wat beteken al daardie gepraat oor die klanke van 'n taal, oor die klinkers en medeklinkers, om van tweeklanke nie te praat nie; wat gee dit om verskillende groepe te onderskeie, soos eksplosiewe en frikatiwe; wat baat al hierdie terme, as daar nie lewe in geblaas word nie? Wat baat dit die onderwyser om offisiële groepe van klanke van buite te laat leer, terwyl hy meen dat die *oe* van *broer* 'n diftong, die *y* van *ly* daarenteë 'n monoftong is?

Na hierdie algemene opmerkinge, sal dit seker nie voorbarig van ons wees nie as ons verwag dat ons boek sal deurdring tot 'n kring van lesers ook buiten diegene wat in enger sin beskou word as studente van fonetiek. Juis hierom egter wil ons 'n woord van waarskuwing laat hoor.

Daar bestaan baie wanbegrippe omtrent fonetiek en die werksaamhede van die fonetikus. Die vernaamste wanbegrip in ons land is seker wel, dat dit die fonetikus daarom te doen is om voor te skrywe hoe wêl en hoe nié moet uitgespreek word nie. Dit sou miskien nog nie so erg wees nie, maar hierby kom dat daardie

mense verder van oordeel is, dat die fonetikus deurgaans 'n uitspraak volg wat veel eerder die uitsondering as die reël is.

Hierdie wanvoorstelling sou nooit bestaan het as ons ons goed bewus was van ons eie uitspraak nie. As hierdie werk dan ook net hierdie een vrug kan dra, nl. so veel as moontlik van ons landgenote bewus maak van hulle eie uitspraak veral, maar ook van die van hulle naaste omgewing, sal die skrywers hulle werk buitengewoon beloon ag.

Juis met die oog op die verskillende wanbegrippe in verband met ons vak, het ons dan ook so veel werk gemaak van die inleidende hoofstuk. Hier het ons een dringende versoek aan ons lesers, veral aan diegene wat nie met ons saamstem nie : laat hulle nie rus nie voor hulle die hoogs interessante en nuttige brosjure gelees het van Harold E. Palmer, getiteld *What is Phonetics*.<sup>\*</sup> Wie hierdie werkie met aandag lees, sal vergoed ontslae wees van al die wanbegrippe insake fonetiek waaraan die groot-publiek ly, en bowendien oordeelkundig word.

Die woord „standard” word die laaste tyd by ons stellig misbruik in verband met boekwerke. Let maar op hoe dikwels deur 'n krietikus sal gesê word : hierdie of daardie werk is 'n „standard-werk.” Onwillekeurig voel 'n mens daarby dat dit soveel moet beteken as : die kleim is afgepen, die laaste woord is gesê ; laat ander nou hulle hande tuishou. Ons hoop dat hierdie werk die voorloper sal wees van baie ander werke oor die fonetiek van ons taal. Die veld is baie groot en daarby onontgin ; daar is baie uitsprake en uitspraakgebiede wat ons hoogstens kon aanroer, ander wat ons glad nie van geweet het nie. Ons hoop dat ons hier die weg aangewys het waarlangs sodanige gebiede kan ondersoek en beskrywe word. Daar's baie stof vir aanvulling en hoe gouer dit te boek gestel word, hoe beter. Hier is die dorps- en die plaas- onderwyser veral, ook die inspekteur, in 'n skone geleentheid om nuttige bydraes te lewer tot die fonetiese wetenskap en die kennis van ons taal.

Daar bestaan verskillende standarde en tiepes van uitspraak in 'n land, soos in die inleidende hoofstuk duidelik in die lig gestel is. Tog spreek dit vanself dat dit van die grootste waarde is om die verbreidste standard so duidelik moontlik te laat uitkom. Sowel met die oog op die een as op die ander meen ons dat dit 'n groot voordeel is, dat die twee outeurs afkomstig is uit twee sulke ver-verwyderde gedeeltes van die Afrikaanse spraakgebied, nl. die Westelike Provinsie en Suidwestelik-Transvaal.

Meer as een sal moontlik van oordeel wees dat die werk te uitgebreid is vir klasgebruik, waarvoor dit tog in die eerste plaas bedoel is. Daarop sou ons dit wil antwoord : hierdie moontlike beswa

<sup>\*</sup> Uitgawe van die „International Phonetic Association,” prys 1/6.

is ons volstrek nie ontgaan nie, maar vir ons het baie swaarder gewees die omstandigheid dat die studie van fonetiek nouliks 'n begin gemaak het in ons land, sodat 'n behoorlike mate van breedvoerigheid 'n besliste vereiste is. Ons dink hierby ook aan al die inboorlingtale in ons land, wat byna almal nog wag op 'n wetenskaplike beskrywing.

Die leser sal merk dat ons skrywe „standard” en nie „standaard” nie. Ons erken twee vorme van hierdie woord in Afrikaans, een met kort *a* en een met swakbeklemde *e* in die laaste lettergreep. Die rede waarom ons „standaard” sterk afkeur is omdat hierdie spelling die oorsaak is van die lelike Afrikaanse uitspraak, wat ongelukkig baie verbreed is, met die hoofklem op die laaste i.p.v. op die eerste lettergreep. Hierdie hinderlike uitspraak is die gevolg van die wanvoorstelling dat die Hollander by die uitspraak van „standaard” die hoofklem eweneens op die laaste lettergreep laat val, terwyl hy dit in die werklikheid op die eerste plaas.

Ons hartlike dank aan die skrywers en uitgewers wat vir ons goedgegunstiglik toegestaan het om gedeeltes uit hulle werk so transkripsiedoeleindes op te neem.

Aan Prof. Daniel Jones van University College, Londen, en aan Dr. C. M. Doke van die Uniwersiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, is ons baie dank verskuldig vir nuttige wenke. Ons hartlike dank ook aan Mnr. J. H. Rademeyer, M.A., van die Afrikaanse Hoërskool, Pretoria, vir sy bereidwilligheid om die drukproewe te help lees.

Deur verskillende omstandighede is die publikasie van hierdie werk aanmerklik vertraag. Daarom te meer voel ons besonder erkentelik teenoor ons uitgewer, wat dadelik bereid was om die uitgawe op hom te neem, terwyl tog die aanskaf van die fonetiese letter aansienlike onkoste met sig mee moes bring. Dat daar nou ten minste een uitgewer in ons land is wat in staat is om 'n volledige fonetiese teks te druk, is vir die fonetiese wetenskap onder ons van groot betekenis.

DIE SKRYWERS.

Pretoria-Johannesburg,  
November, 1927.

# INHOUD.

## DEEL I—FONETIEK.

	Blads.
HOOFSTUK I	
Algemene inleiding waarde van fonetiek; standarduitspraak; nuanses van uitspraak; omvang van fonetiek .. .. .	3
HOOFSTUK II	
Die spraakorgane; asem en stem; fluister .. .. .	15
HOOFSTUK III	
Vokale en konsonante .. .. .	20
HOOFSTUK IV	
Akoesties en organies .. .. .	22
HOOFSTUK V	
Indeling en beskrywing van vokale; waarop gelet word by die beskrywing van 'n vokaal; tweeklanke; karakter en bou ..	23
HOOFSTUK VI	
Indeling en beskrywing van konsonante; waarop gelet word by die beskrywing van 'n konsonant .. .. .	37
HOOFSTUK VII	
Beginsels van transkripsie .. .. .	40
HOOFSTUK VIII	
Die artikulasiebasis van Afrikaans .. .. .	42
HOOFSTUK IX	
Die Afrikaanse klinkers en tweeklanke in besonderhede .. ..	45
HOOFSTUK X	
Oorgangsklanke .. .. .	68
HOOFSTUK XI	
Die leer van die eksplosiewe; bestanddele en ontploffing van 'n eksplosief; aspirasie van stemlose eksplosiewe; stemhebbende eksplosiewe; waaraan 'n stemlose eksplosief te herken is; onvolledige eksplosiewe: abnormale ontploffing; plek en afwisseling van stemlose en stemhebbende medeklinkers in Afrikaans; volgorde van medeklinkers in Afrikaans; dubbel en lang konsonante; sillabiese medeklinkers .. .. .	71
HOOFSTUK XII	
Die Afrikaanse eksplosiewe in besonderhede .. .. .	83

	Blads.
HOOFSTUK XIII	
Die Afrikaanse affrikate in besonderhede .. .. .	112
HOOFSTUK XIV	
Die Afrikaanse frikatiewe in besonderhede .. .. .	121
HOOFSTUK XV	
Die Afrikaanse triller .. .. .	139
HOOFSTUK XVI	
Die Afrikaanse syklank .. .. .	144
HOOFSTUK XVII	
Die Afrikaanse nasale in besonderhede .. .. .	147
HOOFSTUK XVIII	
Die Afrikaanse halfvokale .. .. .	155
HOOFSTUK XIX	
Ingeasemde klanke en klapklanke .. .. .	161
<u>HOOFSTUK XX</u>	
Assimilasie, dissimilasie en assibilasie .. .. .	163
HOOFSTUK XXI	
Die lettergreep .. .. .	168
HOOFSTUK XXII	
Klem .. .. .	173
HOOFSTUK XXIII	
Lengte .. .. .	175
HOOFSTUK XXIV	
Intonasie .. .. .	178
HOOFSTUK XXV	
Ritmiek .. .. .	183
HOOFSTUK XXVI	
Sterk en swak vorme—Fonetiese woordgroepe .. .. .	185
HOOFSTUK XXVII	
Fonetiek en elokusie .. .. .	188
HOOFSTUK XXVIII	
Instrumentele fonetiek .. .. .	191

DEEL II—FONETIESE TRANSKRIPSIES.

(A) VERHEWE VOORDRAGSTYL.		Blads.
1.	Gedeelte uit Psalm 91 .. .. .	202
2.	J. F. E. Cilliers—gedeelte uit <i>Martjie</i> .. .. .	202
3.	D. F. Malherbe— <i>Slaap</i> .. .. .	204
(B) VERSIGTIGE OMGANGSTYL.		
4.	Die dae van die week ; die maande van die jaar ; telwoorde ..	204
5.	C. Louis Leipoldt— <i>Oktobermaand</i> .. .. .	205
6.	D. F. Malherbe—gedeelte uit <i>Afrikaanse Letterkunde</i> .. ..	206
7.	Totius—gedeelte uit <i>Trekkerswee</i> .. .. .	206
8.	Gustav S. Preller—gedeelte uit <i>Oorlogsoormag</i> .. .. .	207
(C) VLUGGE OMGANGSTYL.		
9.	G. R. von Wielligh—gedeelte uit <i>Persoonlike Herinneringe van die Patriotmanne</i> .. .. .	209
10.	F. van den Heever— <i>In die Hoëveld</i> .. .. .	210
11.	C. Louis Leipoldt— <i>Die Transportryer se Storie</i> .. .. .	210
12.	Jochem van Bruggen—gedeelte uit <i>Ampie</i> .. .. .	212
13.	D. F. Malherbe—gedeelte uit <i>Die Meulenaar</i> .. .. .	213
14.	Lion Cachet—gedeelte uit <i>Die Liegduiwel</i> .. .. .	214
15.	(D) TIEPES VAN STANDARDUITSPRAAK.	
(i)	<i>Tiepe van Kaapstad</i> —uitspraak van Advokaat J. H. de Waal ; opmerkinge by sy uitspraak .. .. .	215
(ii)	<i>Tiepe van Ceres (Kaapprovinsie)</i> —uitspraak van Inspekteur H. Z. van der Merwe ; opmerkinge by sy uitspraak .. .. .	216
(iii)	<i>Tiepe van Worcester</i> —uitspraak van die eerste outeur ; opmerkinge by sy uitspraak .. .. .	217
(iv)	<i>Tiepe van Caledon</i> —uitspraak van Prof. Dr. C. G. S. de Villiers ; opmerkinge by sy uitspraak .. .. .	219
(v)	<i>Tiepe van Noordoostelik-Kaapprovinsie (Steynsburg)</i> —uitspraak van Mnr. P. Krüger ; opmerkinge by sy uitspraak .. .. .	220
(vi)	<i>Tiepe van Suidwestelik-Transvaal (Potchefstroom)</i> —uitspraak van die tweede outeur ; opmerkinge by sy uitspraak .. .. .	221
(vii)	<i>Tiepe van Oostelik-Transvaal</i> —uitspraak van Advokaat F. P. van den Heever ; opmerkinge by sy uitspraak .. .. .	222
16.	(E) GRIEKWA-AFRIKAANS.	
	Vertelling opgeteken deur Mnr. J. H. Rademeyer .. .. .	223

## TIETELS VAN GENOEMDE WERKE.

---

- Armstrong, L. E., and Ward, I. C.—*A Handbook of English Intonation* (Cambridge, 1926).
- Bantu Studies* (Johannesburg)—A journal devoted to the Scientific Study of Bantu, Hottentot and Bushman
- Barnouw, A. J.—“Grammatical Introduction” by *Beatrijs* (Oxford, 1914)
- Beyer, F.—*Französische Phonetik*<sup>4</sup> (Cöthen, 1916).
- Beyer, F., und Passy, Paul—*Elementarbuch des gesprochenen Französisch*<sup>2</sup> (Cöthen, 1905).
- Bosshoff, S. P. E.—*Taal en Volk van Suid-Afrika* (Amsterdam, 1921).
- Bouman en Pienaar—*Afrikaanse Spraakkuns* (Stellenbosch, 1924).
- Buck, P. C.—*Acoustics for Musicians*.
- Coleman, H. O.—*Intonation and Emphasis* (reprint from “Miscellanea Phonetica”) (Paris and London, 1914).
- De Froe, A.—*De Klanken van het Nederlandsch*<sup>2</sup> (Groningen, 1922).
- Delbrück, B.—*Einleitung in das Studium der Indogermanischen Sprachen*<sup>4</sup> (Leipzig, 1904).
- Dijkstra, R.—*Holländisch* (Leipzig, 1903).
- Doke, C. M.—*The Phonetics of the Zulu Language* (Johannesburg, 1926).
- Dumville, B.—*Science of Speech*<sup>2</sup> (London, 1911).
- Franck, Johannes—*Mittelniederländische Grammatik*<sup>2</sup> (Leipzig, 1910).
- Guittart, L. J.—*De Intonatie van het Nederlands* (Utrecht, 1925).
- Jespersen, Otto—  
*How to Teach a Foreign Language* (London and New York, 1908).  
*Language: Its Nature, Development and Origin* (London, 1921).  
*Lehrbuch der Phonetik* (Leipzig and Berlin, 1904).  
*Phonetische Grundfragen* (Leipzig and Berlin, 1904).  
*The Philosophy of Grammar* (London and New York, 1924).
- Jones, Daniel—  
*Intonation Curves* (1909).  
*An Outline of English Phonetics*<sup>2</sup> (Leipzig and Berlin, 1922).
- Klinghardt and De Fourmestraux—*French Intonation Exercises* (1911).
- le Roux, J. J.—*Handleiding in het Afrikaans voor Nederlanders* (Amsterdam, 1921).
- le Roux, T. H.—  
*Beschrijvende Klankleer van het Afrikaans* (uitverkoop) (Leiden, 1910).  
In *Gedenktboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners* (Potchefstroom, 1926), bl. 256, volg.
- Meyer, Ernst—*Untersuchungen über Lautbildung* (Marburg, 1911).
- Ndl. Wdb. : Woordenboek der Nederlandsche Taal*, van de Vries en Te Winkel en ander.
- Noël-Armfield, G.—*General Phonetics*<sup>3</sup> (Cambridge, 1924).
- Palmer, A. E.—*English Intonation* (1922).
- Passy, Paul—*Petite Phonétique Comparée* (Leipzig and Berlin, 1906).
- Rombouts, F.—*De Psychologie der Kleuertaal* (Nijmegen, 1919).
- Roorda, P.—*De Klankleer en hare praktische Toepassing*<sup>3</sup> (1911).



- Rousselot—*Principes de Phonétique Expérimentale*.
- Salverda de Grave, J. J.—*De Fransche Woorden in het Nederlandsch* (Amsterdam, 1906).
- Scripture, E.—*The Elements of Experimental Phonetics* (New York and London, 1902).
- Sweet, Henry—  
*A Primer of Phonetics*<sup>3</sup> (Oxford, 1906).  
*The Sounds of English* (Oxford, 1908).
- Trofimov, M. V., and Jones, Daniel—*The Pronunciation of Russian* (Cambridge, 1923).
- van Ginneken, Jac.—*De Nieuwe Richting in de Taalwetenschap* (Utrecht and Nijmegen, 1923).
- van Haeringen, C. B.—*De Nieuwe Taalgids* (Groningen, Jaargang XVIII).
- van Hamel—in *Album-Kern* (Leiden, 1903).
- Verschuur, A.—*Klankleer van het Noord-Bevelandsch* (Amsterdam, 1902).
- Wyld, H. C.—  
*Historical Study of the Mother Tongue* (London, 1907).  
*Modern Language Teaching* (London, December, 1913, and June, 1914).

## AFKORTINGE.

---

Afr.	=	Afrikaans
ald.	=	aldaar
bv.	=	byvoorbeeld
Du.	=	Duits
d.w.s.	=	dit wil sê
ekv.	=	enkelvoud
Eng.	=	Engels
ens.	=	ensovoort
Fr.	=	Frans
i.p.v.	=	in plaas van
Lat.	=	Latyn
m.a.w.	=	met ander woorde
Mlat.	=	Middellatyn
Mnl.	=	Middelnerlands
mv.	=	meervoud
Ndl.	=	Nederlands
Nnl.	=	Nieunerlands
o.a.	=	onder andere
opm.	=	opmerking
snw.	=	selfstandige naamwoord
t.a.p.	=	ter aangehaalde plaas
tek.	=	tekening
vgl.	=	vergelyk
vnw.	=	voornaamwoord
volg.	=	volgende
ww.	=	werkwoord
>	=	gaan oor tot, oorgegaan tot
<	=	ontstaan uit
x	=	naas, in afwisseling met